

# Ons Haantjie

Nr 139

Aug 2019

## *Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familielond*

Theewaterskloof Landgoed  
Villiersdorp

Posbus 121  
6848 Villiersdorp

Tel: 028 840 0113

[www.henning.org](http://www.henning.org)

E-pos: [olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)

Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

## 'n Aangrypende Henning Verhaal



Hierdie foto het gedurende 1960 in die Sondagkoerant Landstem verskyn by 'n briefie wat die veertienjaaroue a2.b1.c3.d10.e7.f3.g3. Aida Johjeen Henning (noemnaam Breggie) \*27-11-1946 geskryf het, waarin sy vra vir 'n ma, want hul ma is oorlede en haar pa kan nie alleen vir hulle sorg nie. Die brief is deur Landstem geplaas en die weduwee Johanna Catharina Jacoba Dekker (gebore Smit) het daarop gereageer. Sy en Michael is in 1961 getroud. Die foto is van a2.b1.c3.d10.e7.f3. Michael Jacobus Henning \*2-2-1918 en vyf van sy sewe kinders. Vlnr: Alberta Henning \*31/10/1954 (g7), Elnaura Henning \*22/11/1950 (g5), Pa Michael Jacobus Henning \*2/2/1918, Magdalena Jacoba Johanna Henning \*28/2/1949(g4), **Aida Johjeen Henning \*27/11/1946 (g3)** en heel voor Michael Jacobus Henning \*15/6/1953 (g6).

**Lees nou die volle verhaal**

Die geskiedenis van die mensdom is ryk aan interessante familiestories. Daar is sekerlik nie 'n enkele familie wat nie sy mooi, aangrypende, dramatiese of humoristiese stories het nie en die Henning familie is geen uitsondering nie. As mens deur die Henning Familiekroniek blaai, gaan jy op talle pragtige stories afkom — sommige gaan jou laat lag; ander vervul jou met trots en/of bewondering; dan is daar ook die swaarkry-stories wat jou 'n knop in die keel gee of emosioneel aanraak.

**In ou Baltiese dialek was Hen = Haan (manlik), Henne =Hen (vroulik). Henning = Haantjie**

Ongelukkig het ons familiekroniek reeds so omvangryk geraak, dat mens maklik van hierdie stories gaan miskyk. Gelukkig het ons van die eerste Henning Nuusbrief in 1985 af begin om van ons mense se mooi stories te vertel.

In hierdie uitgawe van Ons Haantjie wil ons die aangrypende verhaal van a2.b1.c3.d10.e7.f3. Michael Jacobus Henning gebore 2 Februarie 1918 en die brief wat sy veertienjarige dogtertjie Aida Johjeen (Breggie), gebore 27 November 1946 in 1960 aan die Sondagkoerant, Landstem geskryf het, vertel.

Michael Jacobus Henning is op 2 Februarie 1918 op die plaas Bronkhorstfontein, in die distrik Zabron/ Rouxville gebore, waar sy pa, Christiaan Rudolf Henning \*1877 'n gemengde boerdery bedryf het. Sy ma was Elsie Jacoba Johanna (gebore Pelser) \*1873.

Pa Christiaan het gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899 - 1902 in die Rouxville Kommando (Veldkornetskap Vechtkop) gedien. Tydens gevegte tussen Genl Prinsloo se gevegsmag en die Britte by Fouriesburg in die Brandwaterkom gedurende Julie 1900, word hy in die been verwond. Op 30 Julie 1900 word hy saam met bykans 4 000 burgers krygsgevangene geneem en na die Diyatalawa krygsgevangenkamp te Ceylon (deesdae Sri-Lanka) gestuur. As gevolg van sy besering is hy vir die res van sy lewe kruppel gelaat en het hy die bynaam Chrisjan Houtbeen gekry. Hy was die koorleier van die krygsgevangenekoor, wat dikwels saam met besoekende kunstenaars opvoerings in die kamp en elders op die eiland gehou het.

Pa Christiaan en ma Elsie het vier kinders gehad – twee seuns en twee dogters. Die oudste, Christiaan Rudolf gebore 1906, vernoem na Christiaan se pa; daarna Barbara Jacomina, gebore 1909, vernoem na Elsie se ma, gevolg deur Michael Jacobus gebore 1918 en Elsie Jacoba Johanna gebore 1920, onderskeidelik vernoem na Elsie se pa en Christiaan se ma.

Michael verlaat skool na St 6 en word as motorwerktuigmendige opgelei vir die Oranje Vrystaat Paaiedepartement en woon en werk vir vier jaar te Bultfontein. Hierna sluit hy by die SA Spoorweë aan en word verplaas na Rouxville waar hy vir Aida Johjeen Bann ontmoet. Sy is op 18 Desember 1919 te Smithfield gebore. Michael en Aida haak die knoop deur en trou op 8 Februarie 1941 te Aliwal-Noord. Die eerste twee van hulle kinders word te Rouxville gebore. Daarna volg Smithfield, Boshoff en Kimberley. Gedurende 1949 keer hy terug na die OVS Paaiedepartement as 'n Ploegbaas.

Hulle het uiteindelik sewe kinders gehad, nl

1. Susanna Catharina Henning \*Rouxville 5-6-1941
2. Christiaan Rudolf \*Rouxville 4-6-1943
3. Aida Johjeen (Breggie) \*Smithfield 27-11-1946
4. Magdalena Jacoba Johanna (Linda) \*Smithfield 28-2-1949
5. Elnaura \* Smithfield 22-11-1950
6. Michael Jacobus \* Boshoff 15-6-1953
7. Albera (Albra) \* Kimberley 31-10-1954

Ma Aida word op 10 Oktober 1959 deur weerlig doodgeslaan, terwyl sy nog nie eens 40 jaar oud was nie, terwyl hulle op die plaas Taaibos in die distrik Sasolburg woon. Hulle oudste kind was op daardie stadium agtienjaar oud en die jongste slegs

vfyjaar. Pa Michael wat maar 'n klein salaris as ploegbaas ontvang, moet dus alleen na die kinders omsien en dit is vir geen mens onder sulke omstandighede maklik nie.

Terwyl Michael werk, moet die kinders by die huis na hulleself omsien en volwassenes sal weet watter chaos volg as 'n klomp kinders van verskillende ouderdomme self moet besluit wie wat en wanneer moet doen.

Ouma Elsie Henning wat probeer uithelp sterf ook vroeg in 1960. Dit laat Michael in 'n benarde situasie.

In die loop van 1960 sien die veertienjarige Aida Johjeen (noemnaam Breggie) dat dinge nie by die huis regloop nie en dat hulle dringend 'n ander ma moet kry om te help om na hulle om te sien en hierdie dapper, gedissiplineerde en vindingryke dogter skryf 'n brief aan die Sondagkoerant Landstem, waarin sy vra of daar nie êrens 'n tannie is wat dalk hulle ma wil word nie. Haar eie ma is oorlede en hulle pa kan nie alleen vir hulle sorg nie en om alles te kroon is ouma Elsie Henning (gebore Pelser) ook vroeër in 1960 oorlede.



Michael Jacobus Henning \*2-2-1918 en sy tweede vrou, die weduwee Johanna Catharina Jacoba Dekker (gebore Smit). Sy het gereageer op Breggie Henning se aangrypende briefie wat in die koerant Landstem verskyn het

Die brief en 'n foto wat Breggie saamgestuur het, is deur Landstem geplaas en die weduwee Johanna Catharina Jacoba Dekker (gebore Smit) het daarop gereageer. Michael en weduwee Dekker het mekaar hierna ontmoet en hulle is uiteindelik in 1961 getroud.

Slegs drie jaar later, op 1 September 1964 sterf Michael Jacobus Henning in die ouerdom van 46 jaar tydens 'n blindedermoperasie by die Odendaalsrushospitaal en sy tweede vrou, Johanna Catharina Jacoba, met wie hy slegs drie jaar lank getroud was, moes op haar eie na die laaste drie minderjarige stiefkinders omsien. Sy het vir 'n

rukkie voortgegaan om na hulle om te sien, maar trou 'n jaar later met Jan Ernst Crafford.

Gedurende Desember 1967 gaan Elnaura (st 8), Michael (st 7) en Albra (st 6) by van hul ouer susters, Breggie en Linda, kuier. Toe hulle na die vakansie wou terugkeer huistoe, het die stiefma, Johanna Crafford net laat weet dat sy nie langer kans sien om na hulle om te sien nie. Breggie en Linda, wat darem reeds getroud was en gewerk het, moes dus na beide omsien, totdat hulle ook skool klaar gemaak en kon gaan werk het.

Ons heldin, Aida Johjeen (Breggie) Henning \* 1946 het op 27 Februarie 1965 te Pretoria met Andries Gerhardus De Lange in die huwelik getree. Na hulle troue verhuis hulle na Hoopstad, waar Dries geboer het. Hulle het drie kinders, Aida Johjeen De Lange \*21-8-1965, Barend Jacobus De Lange \*1-7-1969 en Helena Catharina De Lange \*31-3-1974.

# 2019 Goema Musiektoekennings



Francois Henning wat as die kunstenaar Snotkop bekend is

Die Ghoema musiektoekennings is die enigste onafhanklike musiektoekennings vir Afrikaanse musiek in Suid-Afrika en vind jaarliks plaas. Tydens die 2017 toekennings was ons baie trots op a2.b5.c4.d4.e1.f7.g1.h2. Francois Henning \*22-12-1972 wat landwyd as Snotkop bekendstaan en wat een van die groot gunsteling kunstenaars, veral onder jongmense, in die land is. Francois was in vier kategorieë genomineer en hy het in twee met die louere weggestap.

Vir die 2019 toekennings is Francois weer in verskeie kategorieë genomineer en ons het uitgesien na die toekenningsgeleentheid.

Die toekenningsgeleentheid het op 17 April 2019 by die Sun Arena in Pretoria plaasgevind. Kort voor 17 April, het die hoofborg, Multi Choice die fees in omstedenheid gedompel deur 'n ultimatum aan die organiseerders te stel dat die lied, "Die Land" wat deur Steve Hofmeyr geskryf en deur hom en verskeie ander sangers opgevoer is, van die nominasielys vir beste musiek video verwyder moet word. Indien dit nie gedoen word nie, sou Multi Choice summier sy borgskap onttrek.

Multi Choice het duidelik te kenne gegee dat dit hulle nie aanstaan dat Steve so openlik sy Afrikanerskap, patriotisme en liefde vir sy taal uitstraal nie.

Die organiseerders het besef dat as hulle nie toegee aan hierdie eis nie, die hele toekenningsgeleentheid tot mislukking gedoom sou wees en verskeie ander verdienstelike kunstenaars, soos ons Francois Henning, wat toekennings kon` kry ook geraak sou word, gevvolglik het hulle geswig voor Multi Choice se dreigement.

Om hulle ontevredenheid met hierdie brutale inmenging te kenne te gee het die verskeie ander kunstenaars, soos Bok van Blerk, Bobbie en Karlien van Jaarsveld, Jay, Touch of Class, Coleske-artists (onder wie se toesig die video van Die Land geskiet is) besluit om die toekenningsgeleentheid te boikot. Demi-Lee Moore wat toe die kategorie: 'Beste Musiek-Video' gewen het, het selfs in haar toespraak aangedui dat sy slegs gewen het weens Multi-Choice se ongevraagde inmenging en dat Die Land sekerlik sou gewen het as daar nie teen Steve Hofmeyr gediskrimineer was nie.

Multi-Choice se inmenging het natuurlik 'n donker sluier oor die hele geleentheid gewerp.

Ons is weereens baie trots op Francois Henning, want hy het koning gekraai in al drie kategorieë waarin hy genomineer is.

- 'Beste Popalbum deur 'n manskunstenaar' (Snotkop), vir sy lied, Sous
- 'Beste liedjieskrywer deur 'n samewerkingsgroep' – Francois Henning saam met Dirk van Niekerk
- 'Manskunstenaar van die jaar' - Snotkop.

# Henning dogtertjie se oumagrootjie word deur koningin Elizabeth geluk gewens

Pieter Abraham Henning \*16-10-1941 (a2.b1.c6.d4.e6.f2.g2.) het vir ons hierdie interessante brief oor sy kleindogter Megan Henning, wat 'n gebore Australiërs is, geskryf.  
*Dagsê Olivier, ek wil hiermee die interessante verhaal mededeel van my kleindogter Megan. My jongste seun Theuns Christiaan (a2.b1.c6.d4.e6.f2.g2.h3.) het na hy geswot het na Engeland verhuis en daar het hy die pragtigste meisie ontmoet — sy is Philippa Louise met die nooiensvan Squires, wat nogal 'n skaars van is. Hulle is drie jaar gelede hier in SA getroud maar woon tans in Brisbane, Australie. Op 7 September 2018 is 'n dogtertjie, Megan in Brisbane vir hulle gebore. Megan is dus 'n gebore Aussie met 'n Afrikaanse pa en 'n Engelse ma. Megan het nog 'n oumagrootjie, Dorothy Grassby. Sy woon in die dorp Wakefield in die County Kettlethorpe, Engeland en doen nog al haar huiswerk self.*

*Wat die verhaal verder interessant maak is dat Dorothy met haar honderdste verjaarsdag deur Koningin Elizabeth II gelukgewens is.*

*Met die koninklike besoek aan SA in 1947 — ek was toe 6 jaar oud en ek het hulle in Bethlehem gesien — was Elizabeth 'n jong prinses van 21. Ek het toe nooit kon droom dat my jongste kleinkind se oumagrootjie deur daardie prinses wat later koningin geword het, geluk gewens gaan word nie.*

*Ek heg twee fotos aan nl Megan en oumagrootjie Dorothy en die gelukwensing van Koningin Elizabeth.*

Koningin Elizabeth II van Brittanje wens oumagrootjie Dorothy Grassby geluk met haar honderste verjaardag op 14 Oktober 2018



Megan Henning \*7-9-2018 by haar honderjaaroue oumagrootjie Dorothy Grassby



# 'n Eerste kleinkind vir Pieter (Tzaneen) Henning



a2.b7.c8.d8.e5.f3. Pieter Naudé Henning en sy vrou, Ingrid (gebore Kapp) van die plaas Cashumi, distrik Tzaneen het onlangs vir die eerste keer ervaar hoe dit voel om trotse oupa en ouma te word. Hul oudste dogter, Ineke is in 2012 getroud met Jacobus De Wet (Cobus) Richter en hul eersteling, Luan Richter is op 12 Maart 2019 te Sandton, Johannesburg gebore.

Cobus is 'n houttegnoloog en werk vir 'n maatskappy met die naam Nukor. Hulle voer saagmeul- en pakhuismasjinerie in vanaf Europa. Hy hanteer die verkope van die masjinerie aan Suid-Afrikaanse kliënte, asook die ontwerp van die masjielynne vir saagmeulens en pakhuise.

Ineke is 'n senior stadsbeplanner in Johannesburg

Ineke Richter (gebore Henning en haar man, Cobus Richter met hul baba, Luan wat op 12 Maart 2019 te Sandton gebore is

## Sterftes

Dit is met leedwese wat ons van die volgende drie sterftes oor die afgelope drie maande onder ons Hennings verneem het:

**a2.b5.c1.d5.e3.f1.g1.h2. Jan Andries Henning, gebore 26 April 1949** van Montanapark, Pretoria is op 20 Maart 2019 oorlede.

Jan is in Pretoria gebore en het sy skoolloopbaan in 1955 as 5 jarige by Eendracht Laerskool begin en matrikuleer aan Hoërskool Langenhoven in 1966. Hy was aktief betrokke by die Voortrekkers en was ook 'n kadetoffisier en lid van die skool se drilpeloton. Hy neem aktief deel aan rugby en krieket.

Op 1 Julie 1967 vertrek hy na Bloemfontein om in die Pantserkorps by 1Spesiale Diensbataljon – 'n pantserkarregiment - aan te sluit vir sy nege maande militêre diensplig tot in Maart 1968.

Hierna begin 'n besige tyd van akademiese opleiding, wat van 1969 tot 1991 duur en hy verskeie grade, diplomas en sertifikate in Administrasie en Bestuursontwikkeling behaal. Hy speel ook 'n tydlank in die O/21 rugbyspanne van Adelaars en Oostelikies.

Wat sy beroep betref, werk hy vir kort rukkies by die Dept. Pos en Telekommunikasie, die Hotelraad en die Krygstuigraad. In 1973 sluit hy aan by

ESKOM, waar hy die res van sy loopbaan uitdien en 'n baie suksesvolle en prestasieryke tydperk geniet het.

Jan en  
Cornelia Johanna  
(Corrie) van der  
Merwe ontmoet  
mekaar vir die  
eerste keer by die  
KJV van die NG  
gemeente  
Bosmanstraat in  
Pretoria. Hulle het  
baie goeie vriende  
geword.

Corrie is te  
Amersfoort

gebore en het as 'n plaasdogter op die plaas Palmietfontein grootgeword, waar haar pa gemengde boerdery bedryf het. Sy gaan skool te Amersfoort en later te Ermelo. In Junie 1969 het die vriendskap tussen Jan en Corrie na 'n vaste verhouding gegroei. Jan en Corrie trou op 17 Julie 1971. Hulle was geseen met 'n wonderlike huwelik van 47 jaar en 8 maande.

Jan was 'n man van God, wat sy God met oorgawe tot en met sy dood gedien het. Hy het by verskeie gemeentes waar hulle gewoon het op Kerkrade gedien en altyd alles ingesit om te help en diensbaar te wees. Elke oggend stiptelik om 5-uur het hy opgestaan om sy stiltetyd by sy Hemelse Vader te hê.

Op 19 Maart 1974 word hul eerste seun Jan Andries Henning gebore. Wanda volg op 26 November 1975. Hulle is ook nou in staat om hul eie huis te kon koop met die finansiering wat Eskom vir hulle gee en koop hulle hul eerste woning in Witbank.

Conrad Henning hul tweede seun en derde kind word op 17 Maart 1983 gebore. In Januarie 2011 word Corrie gediagnoseer met borskanker. Na 'n baie traumatisé jaar van operasies, chemo behandeling en bestraling is Corrie in remissie.

Jan word ook in 2015 met prostaatkanker gediagnoseer.

April 2016 emigreer hul dogter Wanda en haar man Andrew Herd en hul twee dogters, Genê en Chenade na Engeland. Jan en Corrie verhuis in Desember 2016 na Pretoria en gaan woon in 'n Aftree-oord Montana Renaissance. Gelukkig woon hulle nou baie naby hul jongste seun Conrad en sy gesin.

Gedurende Junie 2017 word na vele toetse asook onverstaanbare bloedverlies vasgestel dat daar weer kolle van kanker in Jan se bekken is. Hy ondergaan bestraling met 26 behandelings tot November 2017. Gedurende Januarie 2018 word hy baie ernstigiek en word opgeneem in 'n hospitaal. Na operasie is 'n tumor in sy kolon verwyder wat ook as kanker gediagnoseer word. Hy het by die dood omgedraai. Hy moes toe chemo behandeling daarvoor kry, maar word intussen ook met klierkanker gediagnoseer. Die kanker het versprei en die chemobehandeling word verander. 8 Mei 2018 word hy weer in die hospitaal opgeneem met erge septesemie in die bene en



Jan Andries Henning \*26-4-1949 en sy vrou Cornelia Johanna (Corrie)

sy familie vrees weer vir sy lewe. Wanda kom besoek hom van Engeland af. Hy herstel wonderbaarlik. Die chemobehandeling gaan voort en dit verswak hom baie.

Intussen moet hy dikwels bloedoortappings kry omdat sy HB en plaatjetellings geweldig laag bly. Jan verswak en teen Desember kan hy feitlik nie meer self loop nie. Januarie 2019 word hy met HB van 2.9 opgeneem in hospitaal. Dokters is verstom dat hy dit oorleef het en kry hy weer bloedoortappings. Daar word in Februarie na toets vasgestel dat hy Myelo Displastic Syndrome (MDS) het. Dis kanker wat verhoed dat beenmurg rooibloedselle en plaatjies kan vorm. Sy gesin word die geleentheid gegun om op gepaste wyse van hom afskeid te neem. Hy het geen pyn tot en met die einde gehad nie, waarvoor almal baie dankbaar was. Hy het dapper geveg en het tot op die laaste dag nog geglimlag en nie een dag gekla oor die beker wat aan hom uitgedeel was nie. Hy het rustig en in vrede by die huis sy Hemelse Vader, wie hy met sy hele hart aanbid en gedien het, op 20 Maart 2019 ontmoet. Jan laat 'n groot leemte in die samelewning en vir sy gesin. Sy plek is aanvoelbaar leeg.

Jan was een van die grootste ondersteuners en donateurs van die Henning Familiebond. Hy was besonder trots op sy voorsate en het besef wat die waarde van die familiebond is. Soos sy gesin, sal die familiebond hom ook mis.

**b6.c4.d1.e5.f4.g7.h3. Susanna Catharina Petronella (Petro) Bierman (gebore Henning) \*26-3-1948** is op 29 Mei 2019 te Somerset-Wes oorlede, weens Leukemie.



Isak Bernard Bierman \*25-12-1943 en sy vrou, Susanna Catharina Petronella (Petro) (gebore Henning) \*26-3-1948. Hy sterf op 15 Mei 2017 en sy 29 Mei 2019

Petro Bierman is gebore te Lichtenburg en word groot in Pretoria-Tuine. Sy tree op 6 Oktober 1967 by die Hervormde Kerk Daspoort, Pretoria in die huwelik met Isak Bernard Bierman wat op kersdag, 25 Desember 1943 gebore is. Hy was die seun van Sarel Johannes Bierman en Jacoba Margaretha Bierman, gebore Trollip. Uit hul huwelik is vier kinders gebore. Hulle was ook die trotse oupa en ouma van tien kleinkinders en twee agterkleinkinders. Hulle het geboer op die plaas Boekenhout, distrik Nylstroom.

Na Isak se afsterwe in 2017 gaan woon Petro by haar dogter Marita in Somerset-Wes, waar sy dan ook oorlede is. Petro was die oudste dogter van Willem Frederik Henning en Jacoba Johanna Maria Henning, gebore van der Walt. Naas haar kinders en kleinkinders laat Petro ook aan haar Henning kant een broer en drie susters na.

Ons het in die sterftekennisgewings van die Burger verneem van die afsterwe van 'n lid van die derde Henning familiestam, nl die Georg Friedrich Henning stam.

**a3.b1.c2.d2.e8.f4.g3.Catharina Johanna Maria (Meisie) Henning (gebore Van Wyk) \*3-12-1951, oorlede 1-6-2019, V/v Willem Andries Henning \*27-8-1951.** Meisie Henning en haar man het te Worcester gewoon.

## Geslagsregister Nommerstelsel

Lesers sou in alle waarskynlikheid opgemerk het dat die genealogiese nommers wat ons by individue in die nuusbrief gebruik, nou almal met die letter 'a' begin. In die verlede het ons die stamvader kode 'a' uitgelaat en het al die nommers van nasate van Peter Henrich Henning met 'n 'b' begin.

Ons het altyd geweet dat daar verskeie Henning stamvaders in Suid-Afrika was.

1. Christoffel Henning — aankomsdatum, ongeveer 1680
2. Peter Henrich Henning — 1765
3. Georg Friedrich Henning — 1765
4. Johan Wilhelm Henning — aankomsdatum onbekend, waarskynlik teen die draai van die agtiende/negentiende eeu.

Omdat die Christoffel Henning-stam reeds teen 1721 uitgesterf het, het ons hierdie stam nie in die nommeringstelsel opgeneem nie en slegs in die hoofstuk oor die stamvaders na hulle verwys.

Met die nuwe uitleg van die Henning Familiekroniek kan mens nou alle Henning nasate van al die stamme duidelik identifiseer en word die Peter Henrich Henning en sy nasate nou as a2 aangedui.



## Geldsake

Met die dood van Jan Andries Henning van Montanapark, Pretoria het die familiebond sy grootste donateur verloor en is daar nou net ses lede wat maandeliks met 'n debietorder bydra. Dan het slegs een ander lid oor die afgelope drie maande 'n donasie aangestuur, nl. T P (Flip) Henning van Ermelo.

Die feit dat die stroompie geld wat ons uit donasies ontvang al kleiner word, plaas dit die familiebond se finansies natuurlik onder groot druk en is ons uitgawes alreeds heelwat meer as ons inkomste. Slegs die druk van die kwartaallikse nuusbrief, koeverte en die versending daarvan aan diegene wat die die nuusbrief per pos ontvang, bedra meer as R2 000.00.

Ons doen gevolglik 'n ernstige beroep op al ons lede om van tyd tot tyd daaraan te dink om 'n donasie vir die familiebond aan te stuur.

**FNB Lopende rekening 6265 7601 483; Tak nr 200 712. Rekening naam – Henning Familiebond. Vermeld u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing**

# **Henning Aandenkings**

Ons het steeds die volgende Henning aandenkings beskikbaar. U kan telefonies (028 840 0113 of sel 082 355 3801) of per E-Pos ([olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)) bestel. Ongelukkig word posgeld volgens die gewig van die pakkie bygevoeg, dus sal ons u eers in kennis stel hoeveel die posgeld sal bedra, voordat u die geld in die Familiebond se rekening deponeer. Rekening besonderhede: **FNB Lopende rekening 6265 7601 483; Tak nr 200 712. Rekening naam – Henning Familiebond. Vermeld u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing**

## **Die nommer by elke item stem ooreen met die nommers op die foto**

1. Henning CD — R125.00 elk plus R15.00 posgeld
2. Skryfblokke (50 bladsye) — R30.00 elk
3. Suikerlepels (goud geplatteer) — R54.00 elk. **Nog net een beskikbaar!!**
4. Lapelwapens — R30.00 elk
5. Teelepel — R50.00 elk (goud geplatteer) **Pragtig as 'n stel van ses of meer, saam met 'n suikerlepel**, of individueel in 'n teelepel versameling
6. Mansjetknope —R100.00 stel. **Werklik pragtig! Kan met trots gedra of in 'n vertoonkas vertoon word. Sal ook 'n mooi erfstuk word**

Doen eers navraag wat u pakkie se posgeld sal bedra voordat u enige geld inbetaal. Onthou ook dat as u wil hê dat ons die pakkie met geregistreerde pos stuur, dit 'n ekstra R30.00 sal kos. Aflewering d.m.v Postnet kos R99.00 vir 'n pakkie van 1 Kg.

Tensy u 'n groot bestelling van verskeie items plaas, behoort die posgeld nie meer as R25.00 te wees nie. Wees verseker! Ons het nog nooit 'n pakkie in die pos verloor nie.  
**Ondersteun asseblief die familiebond.**

**Ons herhaal! Daar is slegs een suikerlepel oor en ons gaan weens die hoë koste in alle waarskynlikheid nie gou weer laat vervaardig nie**

